



*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search  
<http://ageconsearch.umn.edu>  
[aesearch@umn.edu](mailto:aesearch@umn.edu)

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

## 'N ONDERSOEK NA ENTREPRENEURSKAP TEEN DIE AGTERGROND VAN GROOTSKAALSE GROEIENDE WERKLOOSHEID

Hansie Swart

Nagraadse Student, Departement Landbou-ekonomiese, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

Theo Kleynhans

Senior Lektor, Departement Landbou-ekonomiese, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

An investigation into entrepreneurship given large scale and growing unemployment

The purpose of this article is to make a contribution towards greater success with the promotion of entrepreneurship in South Africa. Unemployment in South Africa is a large and growing problem which cannot be solved by merely intensifying existing measures of employment creation. The promotion of entrepreneurship is therefore suggested as a supplementary approach to solving the unemployment problem. The lack of success with the promotion of entrepreneurship in the past indicates the need for an alternative paradigm. The concept of development, as understood by the social systems approach, is suggested as such an alternative paradigm of entrepreneurship. A framework of aspirations, abilities and context is derived from this paradigm to put existing measures for promoting entrepreneurship into perspective. Together with the findings of an empirical investigation into entrepreneurship in the Coloured community in the Southern and Western Cape, this classification is used as a basis for recommendations and suggestions for more effective promotion of entrepreneurship.

Werkloosheid in Suid-Afrika is 'n groot en groeiende probleem wat nie alleen deur 'n intensifisering van bestaande werkskeppingsmaatreëls opgelos kan word nie. Die bevordering van entrepreneurskap word gevvolglik as 'n aanvullende benadering tot die oplos van die werkloosheidsprobleem voorgestel. Die gebrekkige sukses met die bevordering van entrepreneurskap dui op die noodsaaklikheid van 'n alternatiewe paradigma. Die sosiale stelselsbenadering se ontwikkelingsbegrip word as so 'n alternatiewe paradigma vir entrepreneurskap voorgestel. 'n Raamwerk van aspirasies, vermoëns en konteks as die universele dimensies van ontwikkeling word hiervan afgelei en gebruik om bestaande maatreëls ter bevordering van entrepreneurskap in perspektief te stel. Hierdie klassifikasie word saam met die bevindinge van 'n empiriese ondersoek na entrepreneurskap in die Kleurlinggemeenskap in die Suid- en Weskaap as basis vir voorstelle en aanbevelings vir die meer effektiewe bevordering van entrepreneurskap gebruik.

### 1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekonfronteer met 'n reeks ernstige sosiale probleme soos politieke onrus, 'n hoë misdaadsyfer, bevolkingsgroei en gebreklike gesondheidsorg wat almal in 'n mindere of meerder mate verband hou met wydverspreide armoede. Verligting van die werkloosheidsprobleem word beskou as die belangrikste wapen in die aanslag op hierdie armoede (Abedian *et al.*, 1985:47; Mouly *et al.*, 1974:27). Ten spyte van volgehoud pogings om werkloosheid deur inkomsteskeppendemaatreëls uit te wis, bly die probleem voortbestaan. Die bevordering van entrepreneurskap met die oog op groter selfindienename word teen hierdie agtergrond voorgestel as 'n aanvullende strategie vir die aanspreek van die werkloosheidsprobleem. Gebrekkige sukses met die bevordering van entrepreneurskap word toegeskryf aan 'n ontoepaslike benadering tot die verskynsel weens 'n verkeerde beskouing oor menslike gedrag. Dit dui op die noodsaaklikheid van 'n alternatiewe paradigma vir entrepreneurskap.

Die doel met hierdie artikel is om 'n toepaslike alternatiewe paradigma vir entrepreneurskap voor te stel en om bestaande maatreëls en voorstelle ter bevordering van entrepreneurskap aan die hand daarvan in perspektief te stel. Hierdie klassifikasie van bestaande maatreëls dien, saam met die bevindinge van 'n empiriese ondersoek na entrepreneurskap in die Kleurlinggemeenskap in die Suid- en Weskaap, as basis vir voorstelle en aanbevelings rakende die mees effektiewe bevordering van entrepreneurskap.

### 2. Die omvang van werkloosheid en ontoereikendheid van bestaandewerkskeppingsmaatreëls

Amptelike geregistreerde werkloosheidsyfers het werkloosheid in 1990 op 1,4 persent van die arbeidsmag gestel (Sentrale Statistiekdiens, 1991:2.235). Dit gee egter nie 'n getrouwe aanduiding van die werklike stand van sake nie, aangesien werkloosheid volgens die verskilmetode in dieselfde tydperk op 17 persent van die arbeidsmag geskat is (Sentrale Statistiekdiens, 1991:0.3-15). Die erns van die situasie word egter onderstreep deur die feit dat die arbeidsabsorpsiekapasiteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie steeds daal nadat dit 75 persent in 1970 en 35 persent in 1980 was (Lighelm en Kritzinger-Van Niekerk, 1990:630). Vooruitskattinge duif byvoorbeeld daarop dat die perifiriële sektor teen die jaar 2000 soveel as 56 persent van die arbeidsmag kan beloop (De Vos, 1990:5,6).

Die werkloosheidsprobleem word tans hoofsaaklik deur middel van werkskeppingsmaatreëls aangespreek. Sedert 1985 is meer as R780 miljoen al op hierdie wyse ingevolge die Regering se Spesiale Werkskeppingsprogram bestee (Departement van Mannekrag 1991:99-100). Slegs 'n relatiewe klein deel van die werkloosheidsprobleem kan egter op hierdie wyse opgelos word (Barker, 1986:167). 'n Program van openbare projekte van die omvang wat voldoende werksgeleenthede kan verseker, sou onbekostigbaar wees (Abedian en Schneier,

1987:49). Om die bestaande werkskeppingsmaatreëls uit te brei tot op die nodige vlak blyk dus nie finansieel haalbaar te wees nie. Die bevordering van groter self-indiensname word gevvolglik as 'n noodsaklike aanvulende benadering tot die bestaande maatreëls rakende werkloosheid voorgestel.

### 3. Besinning oor die werkloosheidsprobleem

Uiteenlopende sienswyses bestaan oor die aard van die werkloosheidsprobleem en hoe en deur wie dit aangespreek behoort te word. Een so 'n siening is dat die probleem volledig by die ekonomiese omgewing lê. Die probleem is bloot een van te min werkgeleenthede (Bell en Padayachee, 1984:8). Die aangewese oplossing is dan om meer werkgeleenthede te skep (verwys na Mouley, et al., 1974:20; Abedian et al., 1985:47; McCarthy, 1985:211). Ekonomiese groei word as die belangrikste bron van werkverskaffing beskou (Barker, 1992:89; Bromberger, 1989:21). Werkloosheid word dus hiervolgens beskou as 'n ekonomiese probleem wat met ekonomiese maatreëls aangespreek behoort te word (verwys na Van der Merwe, 1983; Scheepers, 1983; Brand, 1983). 'n Ander sienswyse is dat die tekortkoming by die individu se vaardighede lê. Werkloosheid word hiervolgens 'n opleidingsprobleem. Die aanspreek van werkloosheid behels hiervolgens die regstelling van die gaping tussen die vaardighede waaroor individue beskik en dit wat in die ekonomie benodig word (Bromberger, 1989:21).

Tradisioneel is werkloosheid as die staat se probleem beskou, waarskynlik omdat dit nadelige gevolge vir die hele samelewing inhoud. Hierdie beskouing is die gevolg van die Neo-Klassieke denkskool wat sterk klem gelê het op 'n mededingende ekonomie met markte wat na 'n algemene ewewigstoestand neig (Nattrass, 1984:23). Dit maak van werkloosheid 'n verskynsel wat aan die wanbalans tussen vraag na en aanbod van arbeid toegeskryf moet word. Om so 'n wanbalans reg te stel, word staatsimmenging vereis om die vraag na arbeid op enige van 'n verskeidenheid wyses te beïnvloed. Die staat was dan ook gewillig om sy rol as bevorderaar van die algemene belang te speel deur sy verbintenis tot werkskeppende ekonomiese groei (Presidentsraad, 1986:1) en die amptelike Spesiale Werkskeppingsprogram (Departement van Mannekrag, 1991:100). So 'n benadering berus op die konseptualisering van werkloosheid as 'n werkverskaffingsprobleem. Dit word weerspieël in die amptelike verwysings na die werkskeppingsprobleem (Presidentsraad, 1986:4), werkskeppingsprogram (Departement van Mannekrag, 1991, p. 100) en werkverskaffingspotensiaal van 'n sektor (Nasionale Mannekragkommissie, 1984).

Staatoptrede ter verligting van werkloosheid lei tot die vestiging van 'n algemene opvatting of 'n kultuur in 'n samelewing dat die staat vir werkloses se welvaart verantwoordelik is. Individue vergeet later dat hulle self 'n invloed op die gang van sake kan uitoefen. Dit lei tot 'n verlammende gevoel van magteloosheid (Gharajedaghi, 1985:21, 64). 'n Ander antwoord op die vraag oor wie se verantwoordelikheid die aanspreek van werkloosheid is, lei egter tot 'n totaal ander benadering tot die probleem. Indien werkloosheid beskou word as die onvermoë om self welvaart te skep, is daar geen rede waarom die verantwoordelikheid daarvoor nie deur die individu self aanvaar behoort te word nie. So 'n benadering berus op die veronderstelling dat die individu in die eerste plek self vir sy eie heil verantwoordelik is. Dit skakel nie die rol van die staat uit nie, maar lei tot 'n klemverskuiwing. Indien die verantwoordelikheid primêr by die individu berus, word dit nie volledig as die staat se taak gesien om, deur middel van werkverskaffing, direk in die omstandhede van 'n werklose individu in te gryp nie.

Die plasing van verantwoordelikheid by die individu en die siening van direkte, geïnstitutionaliseerde staatswelsyn as ongewens, pas in by die tradisionele Christelike beskouing oor die persoonlike aard van swaarkry (Thielicke, 1969:290, 291, 295). Deur van hierdie siening weg te beweeg, word swaarkry toenemend beskou as die produk van 'n bepaalde sosiale of ekonomiese stelsel. Pogings om dit te verlig, word gevvolglik as die stelsel se verantwoordelikheid beskou (Thielicke, 1969:297, 299). 'n Aanspraak op hulp van buite ontstaan mettertyd. Dit plaas 'n verpligting op die staat om te help ongeag of die individu homself kan help of nie. Die korrekte optrede sou eerder wees om werkloses te help om hulself te help (Thielicke, 1969:304).

Die plasing van primêre verantwoordelikheid by die individu het tot gevolg dat die werkloosheidsprobleem nie langer as 'n werkverskaffingsprobleem beskou word nie. Dit word eerder 'n probleem van hoe om die individu in staat te stel om sy eie welvaart te verseker - dit wil sê 'n selfhandhawingsprobleem.

Die staat dra volgens hierdie siening nie langer direkte verantwoordelikheid vir werkverskaffing nie. Die inhoud van die staat se verantwoordelikheid verander van die skepping en voorsiening van werkgeleenthede en poste na 'n verantwoordelikheid om mense te help om hulself te wil en kan help (Korten, 1984:302). Dit is gemik op die bevordering van die vermoë van voorheen hulpeloze mense om hulself binne hulle omgewing te kan handhaaf.

Sonder om die belang van die staat se bydrae ter verligting van werkloosheid te misken, kan dus gesê word dat sulke pogings nie voldoende kan wees om die grootstaalse Suid-Afrikaanse werkloosheidsprobleem aan te spreek nie (McCarthy, 1985:211). Die blote voorsiening van werkgeleenthede is buitendien op sigself nie genoeg om ontwikkeling te verseker nie. Daar moet teen te veel klem op werkskepping gewaak word (Nattrass, 1984:21) en alternatiewe weë behoort ondersoek te word. In die soek na alternatiewe optrede behoort kennis geneem te word van selfindiensgeneemdes. Hulle kon, sonder om 'n betaalde betrekking of pos by 'n bestaande onderneming te aanvaar, daarin slaag om deur eie aktiwiteit 'n eie bestaan te verseker. Dit is dus daardie deel van die bevolking wat op 'n verskeidenheid van wyses, onder 'n verskeidenheid van omstandighede, vir hulself kan sorg. As daar dan wel individue is wat self indiensgeneem is en sodoende self in hulle behoeftes kan voorsien, moet gevra word hoe meer mense in staat gestel kan word om dit reg te kry. Daar behoort met ander woorde gekonsentreer te word op pogings om meer werklose mense in staat te stel om hulself te handhaaf deur op grond van eie optrede 'n bestaan te maak. Deur werkloosheid nie bloot as 'n werkverskaffingsprobleem nie, maar veral ook as 'n selfhandhawingsprobleem te konseptualiseer, word 'n hele rigting van optrede geopen wat die werkverskaffingspogings kan aanvul in die oplossing van die werkloosheidsprobleem. Inkomsteskepping kan sodoende op meer as een front bevorder word. Die uitdaging om selfhandhawing te bevorder lei tot 'n soekna kennis oor die skeppende gedrag van die entrepreneur.

### 4. Die teorie van entrepreneurskap

Enige besinning oor entrepreneurskap word uit die staanspoor gekonfronteer met die vraag wat presies bedoel word met die term "entrepreneur" (Livesay, 1982:8). Alhoewel 'n wye verskeidenheid van verskilende definisies al in hierdie verband gebruik is, kan 'n gemeenskaplike klem tog gevind word. Die meerderheid definisies wentel om hoofsaaklik twee aspekte van entrepreneurskap. Die eerste aspek is, onder die invloed van Schumpeter (1936:65), die nuutheid van optrede

oftewel innovasie (verwys ook na Drucker, 1985:42; Peterson, 1981:67; Timmons, 1990:5; Casson, 1982:23). Die tweede aspek wat beklemtoon word en wat veral hier ter sake is, is die stigting van nuwe ondernemings (verwys na Hornaday en Aboud, 1971:141; Burch, 1986:4) (Vir 'n oorsig oor definisies van entrepreneurskap verwys na Boshoff *et al.*, 1992). Na jare van navorsing en nadenke oor entrepreneurskap, bestaan daar egter steeds geen standaard definisie nie en dit is te betwyfel of so 'n definisie ooit verskaf sal kan word (Livesay, 1982:10; Wortmann, 1987:260). Tog word daar steeds probeer om 'n vaste definisie van entrepreneurskap te bepaal. Hierdie pogings getuig van 'n behoefte om entrepreneurskap in terme van oorsaak - gevolg verwantskappe te verklaar. Sulke verklarings maak beheer van oorsake ter verkryging van die gewenste gevolg moontlik (Versfeld, 1991:210), maar dit vereis eers 'n duidelike omskrywing van die verlangde gevolg.

Die oorsaak - gevolg benadering tot entrepreneurskap word geïllustreer deur die groot aantal studies wat die kritieke oorsaaklike faktor van entrepreneurskap in die persoonlikheidssamestelling van entrepreneurs soek. Die bekendste voorbeeld hiervan is McClelland wat "need for achievement" as die belangrike onderskeidende kenmerk van entrepreneurs identifiseer (McClelland, 1961; McClelland en Winter, 1969). Verdere studies het 'n reeks ander eienskappe soos onder andere risiko-neigingheid, leierskap, onafhanklikheid en 'n interne lokus-van-kontrole uitgesonder (vir 'n oorsig van sulke studies, verwys na Gartner, 1988:13-20).

Die geloof dat entrepreneurskap wetmatig verkry kan word deur bloot die kritieke oorsaak te identifiseer en dit te manipuleer, berus op ontoepaslike aannames oor menslike gedrag. Die mens reageer nie voorspelbaar op prikkels uit die omgewing nie, maar tree ook proaktief op in die nastrewing van bewuste doelwitte (Meyer, 1971:3-7). Die suksesvolle bevordering van entrepreneurskap vereis dus 'n paradigma wat die invloed van 'n verskeidenheid faktore sowel as menslike vryheid van keuse kan akkommodeer.

## 5. 'n Paradigma vir entrepreneurskap

'n Gesikte paradigma vir entrepreneurskap word gevind in die sosiale stelselsbenadering se begrip van ontwikkeling (Dodds, 1991:102-104). Ontwikkeling kan beskou word as die produk wat verrys uit die interaksie van drie universele dimensies. Hierdie drie ontwikkelingsdimensies is aspirasies wat begeertes, behoeftes en doelwitte omvat en wat as dryfkrag vir die ontwikkelingsproses dien; vermoëns, (wat verwys na noodsaaklike vaardighede) en die konteks (die materiële of fisiese omgewing asook die nie-materiële institutionele en verhoudingsomgewing) waarbinne die proses van ontwikkeling plaasvind (Kleynhans, 1991:22-26). Anders as die meganistiese of organismiese stelselsbeskouings, erken die sosiale stelselsbenadering die mens se vryheid van keuse oor doelwitte omdat dit nie 'n vaste inhoud aan aspirasies toeken nie. Welvaart word dus hier nie net beskou as ekonomiese of materiële rykdom nie, maar as die produk van die materiële sowel as die estetiese, etiese en vryheidstrewes en die strewe na waarheid (Dodds, 1991:112; Kleynhans, 1991:169-176; Ullrich, 1972:38-41).

## 6. Benaderings tot entrepreneurskapbevordering

Die gebruik van die sosiale stelselsbenadering se ontwikkelingsbegrip as paradigma vir entrepreneurskap bied met aspirasies, vermoëns en konteks as universiële ontwikkelingsdimensies, 'n begripsraamwerk vir die logiese uiteensetting van aspekte rakende entrepreneurs-

skap. 'n Klassifikasie van bestaande maatreëls ter bevordering van entrepreneurskap aan die hand van die aspirasies-vermoëns-konteks raamwerk toon in hierdie verband dat aspirasies tradisioneel afgeskep word in optredeter bevordering van entrepreneurskap (Ahwireng-Obeng, 1989:320). Wat vermoëns betref, wentel voorstelle en maatreëls vir entrepreneurskapbevordering hoofsaklik om die verhoging van kennis of vaardighede (verwys na De Wilde en Schreurs, 1991:18; Wolmarans, 1990:8-9; Thomas, 1990:7). Die hoër vermoëns soos begrip (wat die vermoëns is om verbande tussen verskynsels te verstaan) en wysheid (as besef van die finale betekenis van die lewe) kry min aandag (Kleynhans, 1991:24).

Die meerderheid van maatreëls koncentreer op een of ander vorm van manipulasie van die konteks waarbinne entrepreneurs opereer. Die verskering van 'n gunstige ekonomiese omgewing deur veral die voorsiening van financiering aan voornemende entrepreneurs, geniet baie aandag (verwys na Beavon, 1989:2; Ray en Hutchinson, 1983; Thomas, 1990:7-8). Die institutionele en politieke omgewings word aangespreek deur voorstelle gemik op die verwydering van beperkende maatreëls (verwys na Kinsey, 1987:29; Goss, 1991:136; Davies, 1989:1-2). Wat die fisiese en tegnologiese omgewings betref, word klem gelê op die voorsiening van infrastruktuur en toepaslike tegnologie (verwys na Storey, 1982:122; Louw, 1990:9; Watkins en Horley, 1986). Manipulasie van die sosiale omgewing skyn nie 'n belangrike doelwit by die bevordering van entrepreneurskap te wees nie. Hierdie klassifikasie aan die hand van die aspirasies-vermoëns-konteks raamwerk toon dat die bestaande benadering tot entrepreneurskap hoofsaklik op die verskering van 'n gunstige konteks gemik is. Behalwe vir bepaalde vermoëns soos kennis en tegniese vaardigheid, word die verbetering van vermoëns en aspirasies afgeskep. Hierdie feit weerspieël die beskouing dat bepaalde menslike gedrag verkry kan word deur bloot die mens se omgewing of konteks te beïnvloed.

## 7. 'n Empiriese ondersoek na entrepreneurskap

'n Empiriese ondersoek na entrepreneurskap is gedoen om die konseptuele uitgangspunte te illustreer en die bestaande benadering tot entrepreneurskapsbevordering in perspektief te stel. Die feit dat die inligting wat verlang is meestal om menings, sienswyses en waardes wentel, het die gebruik van kwalitatiewe ondersoekmetodes genoodsaak. Onderhoude is met 32 Kleurling entrepreneurs uit landelike en dorpsgemeenskappe in die Suid- en Weskaap gevoer. 'n Wye verskeidenheid ondernemings, waaronder algemene handelaars, boere, boukontrakteurs, taxi-eienaars en vervoerkontrakteurs is gedeck. Die respondentie stem ooreen in dié oopsig dat almal selfindiensgeneem is. Die ondersoek was daarop gemik om inligting oor die inhoud van entrepreneurs se aspirasies, vermoëns en ervaring van die konteks wat hulle toetrede tot besigheid beïnvloed het, te verkry.

## 8. Bevindinge oor aspirasies

Alhoewel ekonomiese vergoeding genoem is as 'n oorweging by die besluit om 'n eie onderneming te vestig, het 84 persent van die respondentie aangedui dat materiële welvaart vir hulle relatief onbelangrik is en dat dit eers waarde verkry in samehang met ander dimensies van welvaart. As voorbeeld hiervan het 91 persent van die entrepreneurs die belang van estetiese bevrediging uit die bedryf van 'n onderneming genoem het. Die groot rol wat etieseoorwegings in totale welvaart speel, is ondersteep deurdat 97 persent van die respondentie bereid is om ekonomiese welvaart op te offer ter wille van die belang van die gemeenskap of die medemens. Vryheid

is deur 87 persent van die entrepreneurs as 'n belangrike komponent van hulle welvaart onderskei. Die bevindinge oor materiële welvaart, sosiale verantwoordelikheid en die vryheidstrewe word ondersteun deur enkele ander Suid-Afrikaanse studies (verwys na Mahadea, 1993; Havenga et.al., 1991).

#### 9. Bevindinge oor vermoëns

Kennis, soos verkry deur skoolopleiding en vakleerling-skappe is deur 94 persent van die respondenten as noodsaaklik vir die bedryf van 'n eie onderneming beskou. Alhoewel kennis noodsaaklik is, is dit nie voldoende nie en die belangrikheid van begrip as onontbeerlike aanvullende vermoë tot kennis is deur 88 persent van die entrepreneurs onderstreep. 'n Sterk begrip van wysheid, hoofsaaklik in die vorm van godsdienstige oortuigings, is in 81 persent van die gevalle aangetref. Wysheid is hier nie net 'n abstrakte begrip nie, maar dra aktief by tot praktiese besluitneming omtat entrepreneurs dit gebruik as verklaring vir hulle sukses of as 'n hulpmiddel om terugslae te oorkom en by teenspoed te berus.

#### 10. Bevindinge oor die konteks

Tydens die toetreding tot besigheid is die ekonomiese omgewing deur 56 persent van die respondenten as negatief ervaar. 'n Gebrek aan aanvangskapitaal was in al hierdie gevalle die struikelblok. Bestaande maatreëls wat op die voorsiening van finansiering aan beginner-entrepreneurs koncentreer, blyk hieruit geregverdig te wees. Die institusionele omgewing is deur 25 persent van die entrepreneurs as negatief ervaar. Die vermindering van beperkende voorskrifte kan dus 'n positiewe invloed op entrepreneurskaphe. Die politieke omgewing is deur slegs 19 persent van die respondenten as 'n struikelblok genoem. Dit is veral laag, gesien in die lig van die feit dat al die respondenten potensiële slagoffers van politieke diskriminasie was. Geen noemenswaardige struikelblokke uit die tegnologiese en fisiese omgewings is deur die entrepreneurs teëgekom nie. Die sosiale omgewing is in slegs een geval as 'n negatiewe invloed genoem. Al die ander verwysings na invloede uit die sosiale omgewing was positief. Hierdie invloede wissel na gelang van die geval, maar in die meerderheid van gevallen was familie op een of ander manier betrokke. Sulke betrokkenheid strek vanaf die voorsiening van hulpbronne, dikwels in die vorm van geld, tot by die verskaffing van idees of die beïnvloeding van denke en sienswyse.

#### 11. Gevolgtrekking

Die omvang en toename van die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika dui op tekortkominge van bestaande werkskeppingsmaatreëls en dus die behoefte aan aanvullende maatreëls. Die ontoereikendheid van die bestaande maatreëls is dat dit die mens konseptualiseer as 'n wese vir wie geleenthede geskep behoort te word. Die mens se skeppendheid gegronde op eie motivering en begrip word dus nie verreken nie. Hierdie uitgangspunt verenger in werklikheid die probleem deurdat dit 'n gevoel van afhanglikheid aanwakker en die werker dit as die staat se verantwoordelikheid sien om vir hom/haar werk te skep.

In teenstelling met hierdie ingesteldheid is die entrepreneur 'n persoon wat geleenthede skep en eie verantwoordelikheid vir die skepping van 'n bevredigende lewensstandaard aanvaar. Hierdie suksesvolle selfhandhawing laat die gedagte ontstaan om groter duidelikheid oor entrepreneurskap te verkry met die doel om dit te bevorder. 'n Oorsig oor definisies van entrepreneurskap toon dat hierdie term nie net gepas is vir die konvensionele

Schumpeteriaanse "captains of industry" nie. Dit kan ook betrekking hê op diegene wat suksesvol 'n nuwe onderneming begin en dus 'n meer veralgemeenbare model verskaf.

In pogings om entrepreneurskap te verklaar, toon die uiteenlopende menings in die literatuur dat daar geen duidelike oorsaaklikheidsverband met 'n leidende omgewingsfaktor bestaan nie. Die verrassende eienskap van die entrepreneur is dat hy/sy juis ten spyte van ongunstige omgewingsfaktore sukses kan behaal. Dit duif op die belang van dryfkrag en vermoëns om juis die omgewing op 'n besondere wyse te interpreteer, om geleenthede raak te sien en dit suksesvol te benut.

In hierdie verband het die empiriese ondersoek byvoorbeeld teen die verwagting in aangetoon dat ongunstige politieke omstandighede volgens die meerderheid respondentie nie as 'n wesentlike struikelblok beskou is nie. Dit duif daarop dat die verwydering van 'n enkele, en wat deur beleidmakers beskou mag word as 'n leidende omgewingsfaktor, steeds geen waarborg vir 'n beduidende toename in entrepreneurskapoptredeis nie. Hiermee word die gewensheid van sodanige optrede nie ontkenn nie. Wat wel bepleit word, is begrip van die meer komplekse aard van entrepreneurskap wat se bevordering dan ook meer onkonvensionele optrede mag vereis.

Dit beklemtoon verder die belang van noue kontak met gemeenskappe om hul persepsies van struikelblokke agter te kom. Die feit dat die entrepreneur sy omgewing en dus ook struikelblokke anders kan interpreteer as andere, toon dat dit hier gaan om die interpretasie of gesigspunt van die waarnemer en nie om die struikelblok op sigself nie. Investering in die bevordering van menslike vermoëns om met groter begrip die omgewing meer effektief te kan interpreteer, mag dalk groter dividende lever as om in infrastruktuur en institusie-bou te investeer wat uit die entrepreneur se oogpunt oordadig of selfs oorbadig mag wees. Groter inspraak van gemeenskappe oor die toedeling van fondse vir die skepping van fisiese infrastruktuur teenoor onderwys en opleiding ter verhoging van menslike kapitaal, behoort op sigself al by te dra tot die bevordering van mense se vermoë tot self-handhawing.

Indien erken word dat die verbetering van mense se fisiese, sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede noodsaaklik is, maar nie voldoende is nie, kan gevra word watter dimensies van entrepreneurskapsbevordering verder aandag behoort te geniet. Die sosiale stelselsbenadering tot menslike ontwikkeling stel dit dat bo en behalwe die ontwikkeling van die mens se omgewing, ook sy aspirasies en vermoëns behoort te ontwikkel. Verder word die ontwikkeling van die omgewing, aspirasies en vermoëns as interafshanklik beskou. Dit bevat 'n waarskuwing dat die investering in byvoorbeeld die omgewing se ontwikkeling ongedaan gemaak kan word deur agterstande ten opsigte van aspirasionele- en vermoëns-ontwikkeling.

Hoewel aspirasionele ontwikkeling en die bevordering van vermoëns soos begrip en wysheid minder tasbaar en meetbaar is, blyk dit juis hierdie aspekte te wees wat die entrepreneur homself/haarself laat onderskei. Die empiriese ondersoek het dan ook 'n metodologie gebruik wat meer eis is aan die antropologie teen einde moontlike onverwagte reaksies en insigte van 'n aantal entrepreneurs te ondervang. Deur meer van ongestructureerde vrae gebruik te maak, is daar gepoog om van strenger gestructureerde vrae se sydighede ten gunste van meer konvensionele omgewingsgerigte faktore te ontsnap. Die algemene klem van respondenten op die belang van begrip en wysheid as belangrike suksesdeterminante bevestig

hierdie uitgangspunt. Hierdie minder tasbare vermoëns wat so belangrik is vir esfektiewe entrepreneursoptrede, verg egter heelwat meer navorsing ten einde 'n stewige grondslag te lê vir die bevordering daarvan.

Wat aspirasionele ontwikkeling betref, kan met vrug kennis geneem word van die metodiek van geïdealiseerde herontwerp as 'n uitvloeisel van die sosiale stelselbenadering. Hierdie metodiek kan op gemeenskapsvlak gebruik word om op 'n gestruktureerde wyse visie-ontwikkeling te doen met 'n geïdealiseerde ontwerp van die toekoms as produk. Die doel hiermee is kortliks om van inhiberende konvensionele opvattinge te ontsnap. Die deelnemer kry in werklikheid die geleenthed om in terme van nuwe doelstellings sy/haar bestaande strukkelblokke te herinterpreteer ten einde nuwe geleenthede te identifiseer en te benut (vir 'n uiteensetting hiervan verwys na Gharajedaghi en Ackoff, 1986:65-72).

Die bevordering van kennis en vaardighede as die basiese vermoëns word op nasionale vlak deur die onderwys- en opleidingstelsel aangespreek. Die bevordering van begrip en wysheid behoort egter op plaaslike vlak meer aandag te kry. Ten opsigte van begrip kan verhoogde gebruik van gevallestudies en gesimuleerde ondernemingsoefeninge aan potensiële entrepreneurs die geleenthed bied om 'n aanvoeling vir die bedryf van 'n onderneming te ontwikkel sonder om direkte risiko te neem.

Alhoewel die nie-tasbare en nie-meetbare aard van wysheid dit tradisioneel buite die kader van ekonomiese teorie plaas, is die wesenslike belang daarvan by die bevordering en veral die volhou van entrepreneursoptede deur die empiriese ondersoek aangetoon. Hieruit kan aangelei word dat die ontwikkelingsmodel van 'n organisasie soos Afrika Cooperative Action Trust (ACAT) wat die interafhanglikheid van die geestelike, sielkundige en materiële dimensies beklemtoon, besondere waarde vir entrepreneurskapsbevordering inhoud en meer algemeen toegepas behoort te word.

### Verwysings

ABEDIAN, I and SCHNEIER, S. (1987). An analysis of formal sector employment in South Africa: Its implications for poverty and future economic success. SALDRU Working Paper, No 70, Cape Town.

ABEDIAN, I; SCHNEIER, S and STANDISH, B. (1985). The role of public works programmes in combatting poverty in South Africa. Post Conference Series, no.10, Second Carnegie inquiry into poverty and development in South Africa, Rondebosch.

AHWIRENG-OBENG, F. (1989). The role of the state in the promotion of entrepreneurship in the national states. In Development: The human challenge. Development Society of Southern Africa, Kloofsig.

BARKER, F S. (1986). South Africa's special employment programme of R600 million. Development Southern Africa, Vol 3, No 2:167-179.

BARKER, F S. (1992). The South African Labour Market. Van Schaik, Pretoria.

BEAVON, K. (1989). Informal ways. Small Business Development Corporation, Cape Town.

BELL, RT & PADAYACHEE, V. (1984). Unemployment in South Africa - trends, causes and cures. Carnegie Conference Paper, No.19, Cape Town.

BOSHOFF, AB; BENNET, HF and OWUSU, AA. (1992). Entrepreneurship research: Where are we and where should we be going? Development Southern Africa, Vol 9, No 1:47-64.

BRAND, SS. (1983). An employment strategy for South Africa. Development Studies Southern Africa, Vol.5, No.2:186-196.

BROMBERGER, N. (1989). Unemployment in South Africa: A survey of research. In Black, PA. & Dollery, BE. (eds.) Leading issues in South African macroeconomics. Southern, Johannesburg.

BURCH, JG. (1986). Entrepreneurship. John Wiley and Sons, New York.

CASSON, MC. (1982). The entrepreneur: An economic theory. Martin Robertson, Oxford.

DAVIES, WJ. (1989). Black entrepreneurial participation in economic recovery. In Development: The human challenge. Development Society of Southern Africa, Kloofsig.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG. (1991). Jaarverslag. Kaap en Transvaal Drukkers, Kaapstad.

DE VOS, M. (1990). Population growth in South Africa: Implications for development and work opportunities. Development Society of Southern Africa, Biennial conference, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

DE WILDE, T and SCHREURS, S. (1991). Opening the market to small enterprise, Kumarian Press, Hartford, Connecticut.

DODDS, MME. (1991). Die interaktiewe stelselbenadering en menslike ontwikkeling. Instituut vir Toekomstnavorsing, Universiteit van Stellenbosch.

DRUCKER, P. (1985). Innovation and entrepreneurship: Practice and principles. Heinemann, London.

GARTNER, WB. (1988). "Who is an entrepreneur?" is the wrong question. American Journal of Small Business, No 12:11-32.

GHARAJEDAGHI, J. (1985). Toward a systems theory of organization. Intersystems Publications, Seaside, California.

GHARAJEDAGHI, J and ACKOFF, RL. (1986). A prologue to national development planning. Greenwood Press, New York.

GOSS, D. (1991). Small business and society. Routledge, London.

HAVENGA, JJD; COETZEE, JE en VISAGIE, JJD. (1991). Small and medium-sized enterprises and their social responsibility in a new South Africa. South African Journal of Entrepreneurship and Small Business, Vol 3, No 2:40-49.

HORNADAY, J A en ABOUD, J. (1971). Characteristics of successful entrepreneurs. Personnel Psychology, Vol 24:141-153.

KINSEY, B H. (1987). Agribusiness and rural enterprise. Croom Helm, London.

- KLEYNHANS, T E. (1991). Toepassings van stelselsgedanke op ontwikkelingsterorie. Ongepubliseerde Ph.D. (Agric)-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- KORTEN, D C. (1984). Rural development programming: The learning process approach. In Korten, DC. & Klauss, R. (eds.). People-centred development: Contributions toward theory and planning frameworks. Kumarian Press, West Hartford, Connecticut.
- LIGTHELM, A A en KRITZINGER-VAN NIEKERK, L. (1990). Unemployment: The role of the public sector in increasing the labour absorption capacity of the South African economy. *Development Southern Africa*, Vol 7, No 4:629-641.
- LIVESAY, H C. (1982). Entrepreneurial history. In Kent, C A, Sexton, D L and Vesper, K H (eds.). *Encyclopedia of entrepreneurship*. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey.
- LOUW, S J H. (1990). Some basic concepts relating small business development and employment creation. Paper presented at the Development Society of Southern Africa. Biennial Conference, University of the Witwatersrand, Johannesburg.
- MAHADIA, D. (1993). An empirical investigation into the motivational factors, need achievement and preparations for entry into small business entrepreneurship in Transkei. *South African Journal of Entrepreneurship and Small Business*, Vol 5, No 1:21-30.
- MCCARTHY, C. (1985). Industrial decentralisation and employment creation. In Giliomee, H & Schlemmer, L (eds.). *Up against the fences*. David Philip, Cape Town.
- MCCLELLAND, D C. (1961). *The achieving society*. Irvington Publishers, New York.
- MCCLELLAND, D C en WINTER, D G. (1969). *Motivating economic achievement*. The Free Press, New York.
- MEYER, W F. (1971). *Persoonlikheidsielkunde*. Van Schaik, Pretoria.
- MOULY, J; COSTA, E en YATES, P L. (1974). Employment policies in developing countries. George Allen and Unwin, London.
- NASIONALE MANNEKRAGKOMMISSIE. (1991). Die invloed van relevante arbeidswetgewing op die kleinsakesektor. Staatsdrukker, Pretoria.
- NATTRASS, J. (1984). Approaches to employment creation in South Africa. Natal Town and Regional Planning main series Report, Vol 54, Pietermaritzburg.
- PETERSON, R A. (1981). Entrepreneurship and organization. In Nystrom, P C and Starbuck, W H (eds.). *Handbook of organizational design*. Oxford University Press, Oxford.
- PRESIDENTSRAAD. (1986). Verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede oor 'n strategie vir werkseksie en arbeidsintensieve ontwikkeling. Staatsdrukker, Pretoria.
- RAY, G H en HUTCHINSON, P J. (1983). The financing and financial control of small enterprise development. Gower, Aldershot.
- SCHEEPERS, C F. (1983). Strukturele werkloosheid. Moontlike beleidsoptredes oor die kort- en langtermyn. *Development Studies Southern Africa*, Vol 5, No 2:160-175.
- SCHUMPETER, J A. (1936). *The theory of economic development*. Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts.
- SENTRALE STATISTIEKDIENS. (1991). *Suid-Afrikaanse arbeidstatistiek*. Staatsdrukker, Pretoria.
- STOREY, D J. (1982). *Entrepreneurship and the new firm*. Croom Helm, London.
- THIELICKE, H. (1969). *Theological ethics: Politics*. William B. Eerdmans Publishing Company, Michigan.
- THOMAS, W H. (1990). Small business promotion in South Africa: Scope for cooperation in the new South Africa. Referaat gelewer by die Ontwikkelingsvereniging van Suider-Afrika, 5-7 September, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.
- TIMMONS, J A. (1990). *New venture creation: Entrepreneurship in the 1990's*. Irwin, Homewood, Illinois.
- ULLRICH, R A. (1972). *A theoretical model of human behaviour in organizations*. General Learning Corporation, Morristown, New Jersey.
- VAN DER MERWE, P J. (1983). Unemployment and employment creation. *Development Studies Southern Africa*, Vol 5, No 2:146-159.
- VERSFELD, M. (1991). Sum. The Carrefour Press, Cape Town.
- WATKINS, D en HORLEY, G. (1986). Transferring technology from large to small firms. In Faulkner, T; Beaver, G; Lewis, J and Gibb, A. (eds.). *Readings in small business*. Gower, Aldershot.
- WOLMARANS, D. (1990). Entrepreneurship development - A new approach. *Development Society of Southern Africa*, Johannesburg.
- WORTMANN, M S. (1987). Entrepreneurship: An integrating typology and evaluation of research in the field. *Journal of Management*, Vol 13, No 2.

#### Summary

South Africa's growing unemployment problem is currently being addressed through spending large amounts of money on job creation. This, however, is not sufficient. It is argued in this article that a different approach is needed. Instead of viewing the unemployment problem as one of providing enough jobs, it should be viewed as the problem of enabling people to ensure their own livelihood. The promotion of entrepreneurship then becomes an important supplementary approach to solving the unemployment problem.

Although much has been published regarding the subject of entrepreneurship, no spectacular success with the promotion of an entrepreneurial spirit has been reported. This article argues that this lack of success should be ascribed to an incorrect way of viewing the subject. The literature concerning research into entrepreneurship almost unanimously adopts a cause-effect approach towards the phenomenon of entrepreneurship. Entrepreneurship is viewed as a desired effect which can

be obtained once the relevant causal factors can be identified and manipulated. However, this belief rests upon unacceptable assumptions regarding human behaviour by largely ignoring human freedom of choice.

A suitable paradigm for entrepreneurship is found in the development concept of the social systems approach. This approach views development as the product emerging from the interaction of three universal dimensions, which are aspirations (needs, wants and goals acting as driving forces for the process), abilities (the necessary skills) and the context (the material, physical, institutional and social environment) within which the process takes place. Development defined in this way provides freedom of choice by not giving a fixed meaning to aspirations. Welfare is viewed as the total of every individual's particular combination of not merely material, but also aesthetical and ethical welfare as well as the need for freedom and truth.

Classified against this background, it becomes clear that present measures aimed at promoting entrepreneurship concentrate almost exclusively on the creation of a suitable context or environment conducive to entrepreneurial activity. While abilities is addressed to a smaller extent, aspirations is almost completely ignored. It is simply assumed that material welfare will always be pursued, thereby reducing man to a being with singular, fixed goal.

The proposed paradigm was used in an empirical investigation among entrepreneurs in the coloured community of the Southern and Western Cape. Concerning aspirations 84 percent of respondents indicated that material

welfare was relatively unimportant. The importance of aesthetical satisfaction was stressed by 91 percent of respondents while 97 percent were willing to sacrifice economic welfare for the benefit of others and the community. Freedom was named as an important part of total welfare by 87 percent of respondents. Knowledge was seen as a necessary component of abilities by 94 percent of respondents but the importance of its being supplemented by understanding and wisdom was stressed by 88 percent of respondents.

Concerning the context the economic environment obstructed 56 percent of respondents. The institutional and political environments were negatively experienced by respectively 25 and 19 percent of the respondents. No problems concerning the technological and physical environments were cited and all references to the social environments were cited and all references to the social environment were positive.

It is concluded that political and technological constraints may not be as critical in prohibiting entrepreneurship as is commonly assumed. Actions aimed at promoting entrepreneurship may meet with greater success by focusing on potential entrepreneurs' ability to interpret their environment more effectively. Concerning aspirational development the use of methods like idealized redesign aimed at creating and recognising opportunities should be considered. The nature of this planning process together with effective community participation will help to prevent incorrectly perceived obstacles from inhibiting progress.